IB DIPLOMA PROGRAMME
PROGRAMME DU DIPLÔME DU BI
PROGRAMA DEL DIPLOMA DEL BI

N07/1/A1AFR/SP1/AFR/TZ0/XX

88070003

**AFRIKAANS A1 – STANDARD LEVEL – PAPER 1**
**AFRIKAANS A1 – NIVEAU MOYEN – ÉPREUVE 1**
**AFRIKAANS A1 – NIVEL MEDIO – PRUEBA 1**

Tuesday 20 November 2007 (afternoon)
Mardi 20 novembre 2007 (après-midi)
Martes 20 de noviembre de 2007 (tarde)

1 hour 30 minutes / 1 heure 30 minutes / 1 hora 30 minutos

---

INSTRUCTIONS TO CANDIDATES

- Do not open this examination paper until instructed to do so.
- Write a commentary on one passage only. It is not compulsory for you to respond directly to the guiding questions provided. However, you may use them if you wish.

INSTRUCTIONS DESTINÉES AUX CANDIDATS

- N'ouvrez pas cette épreuve avant d'y être autorisé(e).
- Rédigez un commentaire sur un seul des passages. Le commentaire ne doit pas nécessairement répondre aux questions d'orientation fournies. Vous pouvez toutefois les utiliser si vous le désirez.

INSTRUCCIONES PARA LOS ALUMNOS

- No abra esta prueba hasta que se lo autoricen.
- Escriba un comentario sobre un solo fragmento. No es obligatorio responder directamente a las preguntas que se ofrecen a modo de guía. Sin embargo, puede usarlas si lo desea.


© IBO 2007

*Skryf kommentaar op **een** van die volgende.*

**1.** (a)

**DIE HUISVROU**

Die huisvrou loop deur die tuin
met haar skêr: die lemme blits en knip.
Dan dra sy die drag damaskusrose
na die spoelkombuis, waar sy die broos
rafelpunte van die stengels kneus,
die vaatbundels tretter en versteur
en alles in ’n erdebeker skik.
Tussen spykers ingedruk, geruk
uit hul vertroude lig en landskap,
wortelloos, die vloei van hulle sap
belemmer, kwyn hulle weg in ballingskap.

Sy neem die heel blomkoolkop.
Haar mes gly deur die parenchiem
van stronk, blom-aggregaat en steel.
Sy dissekteer die weefsel, verdeel
die wit, verwikkelde infloressensie
in dwergboompies waarmee sy speel
’n oomblik lank, half ingedagte,
voor sy die lewe in hulle blus
met water van honderd grade Celsius.

Sy neem die vis en kap sy stert af,
smak dit op die droogplank neer:
’n fyngeribde, silwer waaiertjie.
Dan kap haar kapmes die kop af
en krap dit opsy: kru afvalstof.
Die dooie oog is soos ’n muntstuk dof.
Sy blik bly strak op haar gerig
vanuit die koue bladaluminiumgesig.

Sy neem die hartjie van die lammertjie
en kloof dit oop: linker- en regter-
hartkamers lê voor haar oog ontbloot,
weerloos en onteer. Haar lem stoot
teen tussenwande waar die slagaarbloed
nog lig en dun soos rooi ink klewe.
Met 'n snel haal sny sy deur die verwese
myterklep, soos 'n chirurg bedrewe,
terwyl daar êrens in haar wese,
onsigbaar vir almal, sel met sel
saamsmelt en splits tot nuwe lewe.

Ina Rousseau, *Die huisvrou* (1966)

– Elke strofe beskryf 'n spesifieke taak. Verduidelik.

– In die slotstrofe word die oopsny van 'n lamhart gejukstaponeer met die nuwe lewe wat in die swanger vrou vorm aanneem. Op watter wyse gee dit 'n dieper betekenis aan al haar ander kombuisaktiwiteite?

– Wat sê dit omtrent die mens se verhouding tot die natuurdinge?

**1.** (b)

Vyftig jaar gelede was Willem Muller ’n plaasbestuurder op die plaas waar die aantreklike Jakkie, die dogter van die plaaseienaar sy oog gevang het. Alhoewel hy diep aangetrokke tot die aantreklike Jakkie gevoel het, het sy gevoel van sosiale ongelykheid meegebring dat hy nooit sy gevoelens teenoor haar getoon het nie. Wanneer Willem Muller se kleinseun die nou tagtigjarige Jakkie besoek, kon hy nie dink dat hy ’n hele emosionele beroering sou teweeg bring nie.
Lees nou verder:

Sy knik en begin weer wegstap.

Ek gee my oor aan die weldadige ruimte en koelheid, die beleënheid van die huis. Vaagweg hoor ek haar stem: “Sit tog die goeie koppies reg en kyk dat hulle mooi skoon is.”

Sy kom terug en gaan sit op die stoel met die hoë leuning, skuif fyntjies reg.

Aantreklik, dink ek, steeds aantreklik. Dié soort aanvalligheid wat dieper setel as die vel, tot in die gebeente toe, met edel lyne van neus, wangbene, mond. Hoe oud kan sy al wees? Oupa was al drie en tagtig.

Sy vra uit hoe dit gekom het dat ek in dié geweste is, en nog ’n paar vragies, want goeie maniere het ’n sekere pad. Ek antwoord en sy luister terwyl die ánder vrae in haar oë wag.

Die stoel kraak ligies toe sy na my oorleun. Een hand maak ’n gebaar in my rigting, die ander voel-voel na die borsspeld teen haar hals.

“Sê my, kind – leef jou oupa nog?”

Ek knik vinnig.

“Kom sit nader,” nooi sy, “dat ons beter kan gesels”.

Ek kies die sofa reg by haar stoel. En sy kyk lank en deurvorsend na my. Ek weet ek lyk na Oupa.

Toe lê sy ’n sagte hand op my arm en vra: “En is jou oupa nóg so mooi?”

Ek kyk net ’n oomblik weg voor ek knik: “Baie mooi.”

Sy glimlag en sug saggies. Toe kom die skinkbord met tee en sy staan op om vir ons te skink. Haar rug is regopper as toe ek gekom het. Toe sy die tee vir my aangee, kyk sy na my asof sy iets baie spesiaals in my sien.

Junita Joubert, *Is jou oupa nog so mooi?* (1989)

– Haar liggaamstaal dui daarop dat die besoek van Willem Muller se kleinseun haar diep raak. Verduidelik.

– Die slotsin is gelaai met betekenis. Hoe so?

– ’n Mens sou kan sê dat die verhaal ’n tragedie in die kleine omvat. Stem jy saam?